# HOOFSTUK 5

## Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

### 5.1 Inleiding

Vanuit die navorsingsresultate en empiriese gegewens in hoofstuk vier blyk dit duidelik dat gestaltterapie met die gebruikmaking van spelterapeutiese tegnieke, `n effektiewe terapeutiese intervensievorm is, waardeur die emosionele intelligensievaardighede van kleuters tydens die bywoning van `n speelgroep bevorder kan word.

Die oogmerke van hierdie hoofstuk is daarop gerig om aan te dui, in watter mate die vooropgestelde doelstellings en doelwitte van hierdie navorsing bereik is, in terme van die impak van emosionele intelligensievaardighede op kleuters tydens die bywoning van `n speelgroep.

Daar word beoog om vanuit die navorsingsresultate wat in hierdie studie bekom is, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, in terme van die navorsingsprosedure, soort navorsing, die navorsingsontwerp wat benut was, sowel as die terapeutiese sessies wat deurloop is. Aanbevelings in terme van verdere navorsing, hipoteses en navorsingsvrae wat ondersoek kan word, sal ook gemaak word.

### 5.2. Samevatting

#### 5.2 1 Doelstelling van die studie

Die doelstellings wat vir hierdie studie gespesifiseer was, is om te bepaal wat die impak van emosionele intelligensievaardighede is wat aan die kleuter binne `n speelgroepsituasie en met behulp van spelterapeutiese tegnieke, oorgedra word.

Die doelstellings is ten volle bereik deur die doelwitte te behaal.

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

### 5.2.2 Doelwitte van die studie

Die doelwitte wat vir die studie gestel was, is as volg bereik:

- **`n kennisbasis wat opgebou is oor**
    - uitgangspunte aangaande emosies en kommunikasie as subveld van lewensvaardighede teen die agtergrond van emosionele intelligensie;
    - emosionele intelligensievaardighede met betrekking tot die kleuter in `n speelgroep;
    - gestaltspelterapeutiese tegnieke wat benut kan word om emosionele intelligensievaardighede aan die kleuter oor te dra; en
    - meting van emosionele intelligensievaardighede by die kleuter.

Die navorser het die impak van emosionele intelligensievaardighede van kleuters tydens die bywoning van `n speelgroep ondersoek, deur `n deeglike literatuurstudie te doen en ook kundiges op die gebied te raadpleeg. Toepasbare wetenskaplike kennis oor kinderontwikkeling binne die gestaltbenadering en spelterapie is geïnkorporeer. Inligting rakende die kennisbasis wat opgebou is, is in hoofstuk een, twee en drie breedvoerig uiteengesit. Die literatuurstudie is ook benut om die waarnemingsinstrument te ontwikkel.

- **'n empiriese ondersoek waar spesifieke emosionele intelligensievaardighede met behulp van spelterapeutiese tegnieke binne `n speelgroep aan kleuters oorgedra is**

`n Emosionele intelligensievaardigheidsprogram wat deur Blom (2004a); Blom et al. (2004:16-48) ontwikkel is, is met agt respondente deurloop tydens twaalf sessies. Die program is ondersteun deur gestaltterapeutiese beginsels, spelterapeutiese tegnieke, mediums en vorme van spel. Die toepaslike dele van Blom se program wat benut en aangebied is, is wel ouderdomsgepas aangepas vir die kleuters.

Emosionele intelligensie volgens Blom (2004a:7) bestaan uit verskillende komponente, naamlik persoonlike en interpersoonlike komponente. Persoonlike komponente verwys na aspekte wat te doen het met die kleuter se emosionele verhouding met hom/haarself, dus

selfbewussyn en die emosionele bestuur daarvan. Terwyl interpersoonlike komponente verwys na aspekte wat te doen het met die kleuter se emosionele verhouding met andere soos empatie en die bestuur van andere se emosies. Deur hierdie nuutgewonne kennis en vaardighede is die kleuters bemagtig om emosionele intelligensievaardighede aan te leer en te verhoog.

- **die meet van die impak van `n spelterapeutiese emosionele intelligensie-vaardigheidsprogram op kleuters**

`n Voor- en natoets met 'n waarnemingsinstrument (Bylaag 2) wat deur beide ouers, en die respondente met behulp van die navorser (Bylaag 3) voltooi is, is benut om die impak van emosionele intelligensievaardighede binne die speelgroep te bepaal. Die empiriese bevindinge van die intervensieprogram word in hoofstuk vier uiteengesit.

- **om gevolgtrekkings en aanbevelings oor die spelterapeutiese waarde en die impak van emosionele intelligensievaardighede op kleuters, te maak**

Verdere aanbevelings en gevolgtrekkings sal later in hierdie hoofstuk aandag geniet.

Dit is duidelik dat al die gestelde doelwitte en doelstellings van hierdie studie ten vollle bereik is.

### 5.2.3 Hipotese vir die studie

In ooreenstemming met die doelstellings van die studie was die volgende hipotese daargestel:

> **Indien emosionele intelligensievaardighede met behulp van spelterapeutiese tegnieke aan `n kleuter in `n speelgroep oorgedra word, sal die kleuter se emosionele intelligensievaardighede verhoog.**

Die navorsingsresultate ondersteun hierdie hipotese, beide vanuit die waarnemings en vanuit die terapeutiese intervensieprogram met die kleuters, sowel as deur die resultate van die voor- en natoets. Soos daar vanuit die empiriese gegewens in hoofstuk vier blyk, is

daar `n verhoging in die emosionele intelligensievaardighede van die respondente in die speelgroep, deur die ouers en die navorser en kleuters aangedui.

**5.2.4 Navorsingsontwerp en soort navorsing**

Die doel van die navorsing was verkennend van aard. (Vergelyk 1.3.1.) Hieruit kan dus afgelei word dat die navorsing oor die impak van emosionele intelligensievaardighede op die kleuter binne `n speelgroep, die navorser in staat stel om op hoogte te kom van die basiese feite van emosionele intelligensievaardighede, veral by kleuters en om die impak daarvan op die kleuter, te verken.

Die navorsing bevat 'n element van beskrywende navorsing wat ten doel het om `n konstruk, gebeure of gedrag soos dit voorkom, te beskryf. Dit fokus op die "hoe" en "waarom" vrae. (Vergelyk Neuman, 2000:22.) Die navorsing is gedoen en daar is in hoofstuk vier beskryf wat die impak van emosionele intelligensievaardighede op respondente in die speelgroep is. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat Blom se werkboeke (2004a) en Blom et al. (2004:16-48) se emosionele intelligensievaardigheids-program goeie benuttingswaarde het vir die aanleer, ontwikkeling en verhoging van emosionele intelligensievaardighede vir kleuters in `n speelgroep.

Hierdie studie is geklassifiseer as toegepaste navorsing. Dit is gerig op die benutting van bestaande tegnologie en kennis. (Vergelyk 1.6.) Die navorsing het praktiese benuttingswaarde, dus is wetenskaplike en tegnologiese kennis vermeerder.

**5.2.5 Navorsingsbenadering**

By die uitvoering van hierdie studie is die kwantitatiewe benadering gebruik. Dit was positief in die studie se doeleindes benut deur middel van `n hipotese wat gestel is.

**5.3 Gevolgtrekkings van navorsingsbevindinge**

Die volgende gevolgtrekkings ten einde die benutting van projektiewe tegnieke en spelterapeutiese hulpmiddels binne die gestaltbenadering tydens die gebruik van Blom

(2004a:6-34) en Blom et. al. (2004:16-48) se emosionele intelligensievaardigheidsprogram, kan gemaak word:

- Eksplorasie van gevoelens het plaasgevind deurdat die navorser die kleuters se bewussyn van die onderskeie emosionele bewussynsvlakke op `n meer direkte wyse verhoog het en hulle die geleentheid gebied het om in terme van projeksies hulle eie emosionele bewussynsvlakke te ontdek.

- Verhale het `n medium aan die navorser gebied waardeur die kleuters hul emosionele bewussynsvlakke kon kommunikeer. Deur middel van die vertelling van die verhaal aan die respondente kon hulle met die karakters identifiseer, insig is ontwikkel en hulle emosionele bewussynsvlakke is verhoog. Die respondente is dus met hul basiese universele emosies in kontak gebring en in staat gestel om hul emosionele wêreld te verbaliseer.

- Musiek is `n waardevolle medium vir projeksie tydens terapie. Dit is nie-bedreigend en die respondente vind dit normaal om deur musiek hul gemoedstoestand en gevoelens te weerspieël. Musiek en liggaamsbewegings is suksesvol gekombineer om sensoriese, fisiese en emosionele vaardighede te ontwikkel. Die gevolgtrekking word gemaak dat deelname aan musiek ook `n positiewe selfbeeldontwikkeling stimuleer. `n Belangrike aspek wat navorser ervaar het, is dat die gemoedstemming wat volgens die navorser deur `n musiekstuk ontlok word, nie noodwendig vir kleuters daardie emosie uitbeeld nie. Ongeag die emosie wat dit ontlok, kan die emosie tog hanteer en geëksploreer word.

- Met verwysing na die sensoriese kontakmakingsaktiwiteite word die gevolgtrekking gemaak dat die voorgestelde mediums die volle spektrum van die respondente se kontakfunksies dek. Dit is dus suksesvol gebruik om die kleuters se sensoriese en emosionele modaliteite te stimuleer.

- Kaarte van gevoelsgesigte en spieëls het dit vir die respondente maklik gemaak om `n naam aan `n bepaalde emosie te koppel. Hulle kon hulleself in die gesigte sien

en projekteer, wat die bespreking van geïdentifiseerde emosies vergemaklik het. Die aanbeveling word gemaak dat daar nie rigiede emosies aan die gevoelskaarte geheg moet word nie, siende dat verskillende mense verskillende emosies in dieselfde gesigte kan sien. Binne die gestaltbenadering word daar met polariteite gewerk en kon insig in polariteite van gevoelens, deur middel van hierdie tegniek ontwikkel word.

- Kreatiwiteit is aan die dag gelê met die maak van handpoppe en was as genotvol ervaar. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat handpoppe effektief in die aanleer en hantering van emosionele intelligensievaardighede op persoonlike en interpersoonlik vlak benut kan word.

- Dit is vir kleuters altyd `n baie aangename ervaring om met klei te speel. Dit was as stimulerend en prettig deur die respondente ervaar, en het `n gevoel van bemeestering gebied. Klei is nie-bedreigend, waardeur die respondente die onvoltooidhede op hul voorgrond kon projekteer en besit. Die respondente se reaksies op kleiwerk lei die navorser tot die gevolgtrekking dat hierdie projeksie-tegnieke waardevol benut is, veral om "kwaad" en "bang" te projekteer. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die respondente se selfwaarde verhoog is met die hantering van hierdie medium, aangesien die respondente in beheer van die projektering daarvan is. Deelname aan hierdie aktiwiteit hou terapeutiese waarde vir die respondente in.

- Rolspel en mimiek kan waardevol, in terme van die ontwikkeling van insigte, en die inoefening van nuwe, alternatiewe gedrag en houdings wees. Die genot van hierdie aktiwiteite het bygedra tot die ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede by die respondente.

- Die skep van `n veilige plekkie vir die respondente, toon vanuit die terapeutiese intervensie, om bemagtigend van aard te wees. Dit was veral van waarde by die respondente se emosies van "bang" en "kwaad" gewees.

- Bespreking van negatiewe gevoelens en die onderdrukking daarvan is herhaal en positiewe bestuur daarvan is gedoen. Die respondente kon dit weergee soos wanneer `n mens kwaad word, moet jy praat en iets doen soos tot tien tel. Vanuit die respondente se reaksies op die haiku-oefeninge word die gevolgtrekking gemaak dat hierdie medium met sukses gebruik kan word om die bewustheid van die self by kleuters te stimuleer.

- Deur die aanleer van "ek-boodskappe" kon die respondente presies vertel hoe hy/sy voel. Byvoorbeeld wanneer sy/haar maatjie sy/haar speelgoed breek, kon daar gesê word dat hy/sy nie daarvan hou nie en dat dit hom/haar hartseer maak. Verder kan byvoorbeeld vir sy boetie/sussie gesê word dat hy/sy kwaad voel wanneer daar met hom/haar baklei word. Die aanleer van "ek-boodskappe" impliseer dat kleuters geleer word om die persoon se gedrag aan te spreek en nie die persoon se selfdunk nie. Hierdeur leer die kleuter die verantwoordelikheid van sy/haar eie gedrag, gevoelens en denke.

- Die gelyktydige emosies wat beleef kan word, is `n baie moeilike begrypbare onderwerp vir respondente. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat kleuters polariteite nie maklik verstaan nie. In `n een tot een situasie sal dit miskien makliker wees vir kleuters om dit te begryp en te hanteer.

- Die literatuur wat vir die impak van emosionele intelligensievaardighede bestudeer is, is bevestig met die empiriese gegewens wat verkry is. Die ouers se reaksies was positief. Na die aanbieding van die program het van die ander ouers wat by die speelgroep betrokke is, die navorser versoek om 'n soortgelyke program vir hulle kleuters ook aan te bied as gevolg van die groei en ontwikkeling wat by die respondente waargeneem is. Dit bring navorser tot die gevolgtrekking dat daar `n behoefte by die ouers is, veral die moeders, vir die uitbreiding van hul kennis oor emosionele intelligensievaardighede van kleuters. Die gevolgtrekking word gemaak dat hierdie studie relevant is en `n bydrae kan lewer om `n spesifieke behoefte in die omgewing vanuit `n terapeutiese hoedaningheid aan te spreek.

- Respondente wat by die studie betrek is, het gereelde kontak met hulle portuurgroep gehad. In die stadium van die respondente se lewens is dit `n baie belangrik aspek, aangesien hulle baie ingestel is op sosialisering. Dit het bygedra tot die genotvolle aanbieding van die program en die sukses in die verhoging van die emosionele intelligensievaardighede.

### 5.4 Aanbevelings

In hierdie hoofstuk word die doelwitte en bevindinge vanuit die voorafgaande hoofstukke saamgevat, met gepaardgaande aanbevelings en gevolgtrekkings. Die belangrikste aanbevelings wat deur die navorser uit hierdie studie gemaak kon word, is die volgende:

- Emosionele intelligensievaardighede kan met sukses vir kleuters in speelgroepe aangeleer word.
- Hierdie studie was toepassingsgerig, wat impliseer dat ander terapeute en fasiliteerders van hierdie gestaltriglyne en die intelligensievaardigheidsprogram soos in hoofstuk drie uiteengesit, (vergelyk 3.8.5) gebruik kan maak, ter bevordering van kleuters se emosionele intelligensievaardighede. Die steeds toenemende eise en druk waarmee kleuters in die Suid-Afrikaanse samelewing daagliks gekonfronteer word, maak dit noodsaaklik dat kleuters se emosionele intelligensie-vaardighede verhoog moet word om as eindresultaat suksesvol in die samelewing aan te pas en sosiaal verantwoordelike gedrag te toon.
- Die navorser wil aanbeveel dat die emosionele intelligensievaardigheidsprogram van Blom (2004a:6-34) en Blom et. al. (2004:16-48) en soos aangepas en uiteen-gesit in hoofstuk drie, bekendgestel word vir gebruik by speelgroepe en veral kleuterskole.
- Die program kan met sukses ook in die verdere grondslagfase soos graad een en twee klasse benut word deur onderwyseres en fasiliteerders.
- Ander dissiplines soos arbeidsterapeute, spraakterapeute en sielkundiges, kan die program tydens terapie met kleuters waardevol vind.
- Die program moet ook aan ouerbegeleidingsgroepe en ouerkomitees bekend gestel word vir verdere gebruik.

- Ouers kan opgelei word om as verlengstuk van terapeute, onderwysers en fasiliteerders hierdie program ook tuis te implementeer.

### 5.5 Voorstelle vir verdere navorsing

Vanuit die voorafgaande bespreking van die studie en die gevolgtrekkings en aanbevelings wat daaruit blyk, kan die volgende hipotese vir verder navorsing geformuleer word:

> Indien die ouers se kennis aangaande emosionele intelligensievaardighede verhoog word, sal dit `n belangrike bydrae tot die kleuters se emosionele intelligensievermoëns bied.

Om bogenoemde hipotese te bewys bestaan die navorsingsgeleentheid om moontlikhede te ondersoek ten einde die kleuter se ouers eerstens kundig te maak in verband met die emosionele intelligensievaardighede van die kleuter en tweedens om 'n program te ontwikkel wat die ouers sal help om sy kleuter te kan ondersteun indien die kleuter 'n emosionele intelligensievaardigheidsprogram, soos in die studie gebruik, deurloop het.

### 5.6 Ten slotte

Spelterapeutiese tegnieke gebaseer op die gestaltbenadering kan effektief aangewend word as `n intervensievorm om die emosionele intelligensievaardighede van kleuters tydens die bywoning van `n speelgroep, te bevorder.

"Mense se emosie is orals – trap dus versigtig"
Billy Graham